

## Realiteit, en 'n paar ander feite

“What I used to think was me/is just a fading memory/I looked it straight in the eye, and said goodbye/I’m up above it ...” ~ Nine Inch Nails

Ek het nie veel van 'n keuse anders as om te vernuwe nie, het ek? My troeteldier is dood, en my woonstelmaat en vriendin het haar heil op 'n ander kontinent gaan soek. Sommige mense ignoreer my eers, besluit dan hulle wil net vriende wees, en besluit dan ook dít is te veel. Ander mense speel kat-en-muis om my te wys wie't wíe die meeste nodig. Die res van my kennisse vermy my om 'n verskeidenheid redes – ek gaan nooit op naweek trips nie, godsdienverskille, en miskien bloot net omdat ek nie genoeg pret is om mee uit te hang nie. My TV is gebreek. My rekenaar is gebreek. My fiets is net die helfte van wat dit verlede jaar was. My scooter staan al vir amper 'n jaar op die stoep en olie drup. Die waterrekening is maande laas betaal, en my scooter registrasie is nog nooit betaal nie. Ook my studieskuld is steeds ongedelg. My woonstel ruik soos 'n stroois. Insekte vlieg en loop verwaand die hele plek vol want ek het die enigste roofdier, 'n reuse spinnekop, doodgetrap. Ek geniet nie tans enige vroulike geselskap nie, want meeste Suid-Afrikaanse vrouens hier is streng groepsgeoriënteerd, en ek loop alleen by plekke in en uit. En Taiwaneese vrouens dink ek is te eienaardig – selfs vir 'n uitlander. Die oubaas wat die skool besit in die klein dorpie buite Fengshan, dink ek is 'n slegte werker omdat ek sommer 'n klas kanselleer as die trein laat is met 'n halfuur, en ek nie net die klas 'n halfuur later wil begin nie omdat ek dan vir 45 minute moet wag vir 'n trein terug huis toe. En die prinsipaal by die ander skool irriteer my omdat sy nie kan verstaan hoekom ek op Maandae en Vrydae twee minute vroeër wil loop nie, ten spyte daarvan dat die eenaar gesê het dis oukei om *vyf* minute vroeër te loop. Oor tien dae gaan ek Suid-Afrika toe vir drie weke, maar dit voel al klaar asof ek soos 'n mislukking gaan lyk, voel, klink en optree, tot ek weer op 'n vliegtuig klim terug Taiwan toe. Intussentyd sal

die insekte my woonstel oorgeneem het as 'n nuwe ekologiese sisteem, my fiets sal verroes wees, alles sal nat wees buite, en bedompig binne van al die reën, en ek sal niemand hê om te bel en te sê ek is terug, kom ons gaan drink 'n koppie koffie nie. My rekenaar sal nog steeds stukkend wees, en as ek 'n nuwe rekenaar wil koop gaan my spaargeld vinniger opraak, wat sal beteken ek sal heel moontlik, as ek gelukkig is, weer "Twinkle Twinkle Little Star" moet sing vir vierjariges wat óf wil skree, óf wil slaap.

Daar – daar's die realiteite van my lewe op Dinsdag 17 Junie 2003 om 10:22 in die oggend – by die huis, omdat die trein na Number Nine Crooked Village vertraag was met 35 minute. Tog, my skottelgoed is gewas (vir die eerste keer sedert laat April), en die wasmasjien is besig om my beddegoed 'n laaste spin te gee. 'n Slapie klink dus vir my na 'n uitstekende plan.

(Klaar geslaap, 12:05)

Dis net sowel. Mens kan nie begin met 'n nuwe lewe as die oue nog skop nie. Ek het dit al voorheen probeer, dit werk nie.

## **NOTA:**

HIERDIE DOKUMENT BEVAT TEKS UIT  
**DERTIEN MINUTE OP 'N SATERDAGAAND**  
DEUR BRAND SMIT.

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ASSEBLIEF  
**[BRANDSMIT.NET](http://BRANDSMIT.NET)**

JY IS WELKOM OM KOPIEË VAN HIERDIE  
DOKUMENT TE VERSPREI SOLANK DIE INHOUD  
ONVERANDERD BLY.

© 2015 BAREND J. L. SMIT